## *Uit die hoof se kantoor*

## *November 2025*

Geagte Ouer /Voog en Gemeenskap

Met vakansie en Desember om die draai wil ons graag `n paar reëlings deurgee.

Konsert vind plaas Vrydag 28 November 2025 te Freeway Bybelkerk. Ons is uiters dankbaar vir ons pastore wat ons hier uithelp. Ons is dankbaar dat ons die Boodskap kan bring van liggies na Lig!

Ons beplanning tans:

1. Donderdag 27 November - Akademiese state na Departement.
2. Vrydag 28 November - Konsert.
3. Maandag 1 Desember tot Vrydag 5 Desember - Nasionale 0/21 netbal by Concordia.
4. Dinsdag 2 Desember - Aartkloppies Toneel in Springs & klasindelings.
5. Woensdag 3 Desember - Leerderprofiele afsluit.
6. Donderdag 4 Desember - Saalopening en aankondigings.
   Behoeftige leerders se ete by John Dorys
7. Vrydag 5 Desember - Hoofde en personeelafsluiting.
   GEEN skool die dag nie. Naskole vanaf 07:00 tot 17:30. Reël self met buite-naskole
8. Maandag 8 Desember - Saalafsluiting en eretoekennings met aankondigings.
   Alle leerders by skool. Rapporte aan leerders om 11:30.
9. Dinsdag 9 Desember tot Vrydag 12 Desember, personeel by skool.

Ons sê baie geluk aan ons leerders wat nog so positef deelneem en kompeteer - sewesrugby, hengel, atletiek, hokkie, krieket en kultuur. Mag julle van krag tot krag gaan.

Ons sal inligting bly deel soos ons nuwe inligting ontvang en ons is so dankbaar vir elkeen vir u positiewe ondersteuning in hierdie besige afsluit tye.

**Ouers baie belangrik:**

Skoolgelde moet nou vereffen wees!

Help asseblief met hierdie uiters belangrike saak. Salarisse en normale betalings moet gedoen word en daar is nie Desember inkomstes nie.

Dankie aan elkeen wat ons hier help en u deel, soos dit hoort, ook doen.

Mag u die laaste dae van November geniet en in die gewoel van Desember saam met God stap elk tree wat u gaan neem en elke kilometer wat u gaan ry, vlieg of vaar.

----------------------------------------.

C Blignaut

Hoof